

**30 November**

**Johannes 19:28-42**

(Teks: 19:30b)

***My sterfbed langs die kruis, my graf langs Jesus s'n***

Jesus, Seun van God is dood.

'n Lewelose lyk word begrawe. Seker die katastrofe van die geskiedenis. Skokkend! Maar nou weerklink die blye boodskap:

Sy dood verlos my van my dood!

Sy graf verlos my van my graf!

Sy hel red my uit die hel!

Jesus se lyk is begrawe - Hy was morsdood. Die Romeinse soldate toets en bevestig dit - anders sou sy bene gebreek word - wat nie gebeur nie - want Hy was dood! Sy dissipels sou ook sonder twyfel Hom nie laat begrawe het as daar enige hoop bestaan het dat Hy nog sou lewe nie.

Tragies, soos 'n begrafnis is.

En nou weet ek: Soos my siel, behoort ook my liggaam aan die Here Jesus Christus. Deur sy dood het Hy my vir Hom gekoop. My liggaam is solank ek lewe en na my dood sy eiendom - kosbaar vir Hom.

My dood gaan nie die betaling vir my sondes wees nie; dit gaan bloot 'n afsterwe wees van sonde en 'n deurgang na God toe!

Ek is nie bang vir die dood nie - dit gaan vir my heerlijkheid bring - 'n lewe by God. My siel is nie bekommerd nie - in die Vaderhuis is daar baie woonplek.

Die angel is uit die dood; die graf is geen verskrikking nie.

Jesus se kruis het my sterfbed in 'n hemelvaart vir my siel verander. Sy graf het my graf in 'n slaapkamer verander waaruit ek met die wederkoms verheerlik sal wakker word en opstaan.

Nou nog net *naby* die Here, na die graf altyd *by* die Here!

Sing Skrifberyming 6:7

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)